Redaksionele Kommentaar/Editorial Comment

Opleiding en onderwys van die gesondheidspraktisyn in 'n kruispadsituasie

In hierdie uitgawe van *Health SA Gesondheid* val die fokus op onderwys en opleiding van die praktisyn in gesondheid. Die gehalte van die onderwys van die gesondheidspraktisyn van vandag bepaal die gehalte van die diens van die toekoms. Om die rede is die handhawing van standaarde van essensiële belang.

In die Suid-Afrikaanse samelewing is veranderinge aan die orde van die dag. Hierdie veranderinge plaas die onderwys en opleiding van die gesondheidspraktisyn in 'n kruispadsituasie. Dit is nodig om in die lig van al die veranderinge 'n herinterpretasie van die onderwys en opleiding van die gesondheidspraktisyn te maak. Dringende en rigtingewende besluite oor die onderwys van die gesondheidspraktisyn moet geneem word.

Van die artikels in hierdie uitgawe spreek fasette van hierdie veranderinge aan en doen voorstelle vir 'n herinterpretasie. Alhoewel die artikels op enkele gesondheidsberoepe fokus is die implikasies en voorstelle seker net so goed van toepassing op ander gesondheidsberoepe. Die faktore in die Suid-Afrikaanse samelewing wat implikasies vir die aard van onderwys van die gesondheidspraktisyn inhou word beskryf. Die implikasies van veranderinge in die praktyk, soos die klemverskuiwing na primêre gesondheidsdienste en aborsies op onderwys en opleiding word aangespreek . Twee artikels fokus op die insluiting van alternatiewe medisyne in die gesondheidskurrikula en die aard van samewerking van die gesondheidswerker met die tradisionele geneser. 'n Verdere artikels plaas die fokus van die Nasionale Kwalifikasie Raamwerk en waar onderwys en opleiding van die gesondheidswerker en praktisyn inpas.

Een artikel stel voor dat daar 'n balans in hierdie herinterpretasie moet wees, tussen die erflikheids- of tradisionele elemente en die konvensionele eise van die Suid-Afrikaanse samelewing. 'n Belangrike beginsel is dat die gesondheidspraktisyn sodanig opgelei moet word om aan die gesondheidsbehoeftes van die Suid-Afrikaanse samelewing te voorsien.

Ons vertrou dat die uitsprake van hierdie artikels verdere navorsing rakende die opleiding van die gesondheidspraktisyn sal inisieer.

Education and training of the health practitioner in a crossroads situation

In this issue of *Health SA Gesondheid* the focus is on the education of the health practitioner. The quality of the education of the health practitioner today will be reflected in the quality of the health services tomorrow. The maintenance of an high standard of education is therefore essential.

In the South African society, processes of transformation are the order of the day. These changes brought the education of the health practitioner to a crossroads situation. These changes demand a reinterpretation of the education of the health practitioner. Critical and directive decisions must be taken with regards to the education of the health practitioner.

The articles in this issue focus on different aspects of these changes and provide directives for a reinterpretation of the education of the health practitioner. Although the articles address the education of particular health professions, implications and directives can be transfered to all health professions. The factors in the South African society which affect the nature of the education of the health practitioner are described. The implications of these changes, like the shift to primary health care and abortions on the education of the health practitioner are discussed. Two of the articles focus on the issue of alternative medicine in the nursing education curriculum and the collaboration with traditional healers. Another article focuses on the National Qualification Framework and where the education of health practitioners fit in.

The suggestion in one of the articles is that there must be a balance in the reinterpretation of health education, between the hereditary - or traditional elements and the conventional demands of the South African society. An important principle is that the education of the health practitioner must meet the health needs of the South African society.

We hope that the pronouncements in this issue will initiate research on the education of the health practitioner.

Marie Poggenpoel
REDAKTEUR/EDITOR

Annatjie Botes
ASSISTENT REDAKTEUR/ASSISTANT EDITOR